

1 Maart

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21
Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:16-19

Die koms van Jesus staan vas!

Om Jesus Christus met jou eie oë te sien, is iets wat vir God se uitverkore kinders in die ewige lewe bestem is. Nodeloos om te sê dat dit alle verwagtings sal oortref en 'n heerlijkheid sal wees wat nie in woorde beskryf sal kan word nie. (Lees Sondag 22 van die Heidelbergse Kategismus.)

Die dissipels het Jesus hier op aarde gesien, gehoor en gevolg, maar op die berg van verheerliking het Petrus, Jakobus en Johannes vir Jesus in 'n verheerlikte staat gesien toe sy gesig gestraal het soos die son en sy klere wit geword het soos die lig (vgl. Matt 17:1-8). Kan jy dink wat 'n hemelse ontmoeting dit moet gewees het!

Om die gelowiges wat verspreid in Klein-Asië gewoon het en wat vervolg is vanweë hulle geloof, te bemoedig, skrywe Petrus aan hulle dat die krag van Jesus se wederkoms nie op versinsels of legendes berus nie (vs 16). Petrus sê hy is 'n oog- en 'n oorgetuie van Jesus. Hulle het Hom self in al sy majesteit op die berg gesien en die stem uit die hemel gehoor (vs 17): "Dit is my geliefde Seun ..." Daarby is dit ook bevestig deur dit wat die profete verkondig het (vs 19). Wat hy dus van Jesus en sy wederkoms vir hulle skrywe, staan vas. Hy suig dit nie uit sy duim nie. Dit is 'n blye boodskap ook vir die gelowiges in Klein-Asië, wat blootgestel is aan soveel verdagmakery oor Jesus se wederkoms.

Petrus sê ook vir ons die evangelie is waar en betroubaar en oor die wederkoms is daar geen twyfel nie. Glo dit en wees elke dag gereed!

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)